STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY


# NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

**UITGAWE 70- 2021 • EDITION 70- 2021**


# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

***So stap 2021 ook stadig maar seker aan en is die helfte van 2021 amper verby. En as die eerste helfte so vinnig gegaan het, weet ek die tweede helfte is ook in 'n oogwink verby. Voor ons daar kom, moet daar egter nog baie werk gedoen word, en het ons reeds baie gedoen. Daarom is dit vir my lekker om nog goeie nuus te kan deel.***

**<u>Herwinningsfasiliteit</u>**

Ons het onlangs ons nuwe herwinningsfasiliteit geopen. Ek is kinderlik opgewonde hieroor. Herwinning is 'n belangrike fokus van ons skoon dorpe strategie asook ons fokus om omgewingsvriendelik en volhoubaar te wees. In Suid-Afrika, stuur ons jaarliks 54,2 miljoen ton vaste afval na stortingsterreine. Van alle afval wat op stortingsterreine beland, is tussen 70% en 80% herwinbaar. Landwyd herwin ons egter minder as 4% van die herwinbare afval. Herwinning is nie net belangrik vir die omgewing nie, maar ook baie belangrik om te verseker dat die lewenssiklus van ons bestaande stortingsterreine optimaal verleng word.

Ons eie stortingsterrein het sy kapasiteit bereik in 2019 en ons is tans besig om die kapasiteit te vergroot en moontlik uit te brei. Dit is amper onmoontlik om nuwe stortingsterreine te bou omdat geskikte grond so skaars is. Daarom het ons ons fokus verskuif na groener en meer volhoubare oplossings. Ons nuwe herwinningsfasiliteit is deel van die plan

Dear Residents,

***And so time marches on and we have almost reached the halfway mark for 2021. And with the first half of the year gone so quickly, I can only imagine how quickly the second half will fly by. But before we get there, we still have a lot of work to do and we also managed to do lots already. That is why I am happy to share some more good news with you!***

**<u>Material Recovery Facility (MRF)</u>**

We have recently opened our new recycling facility, also known as the Material Recovery Facility or MRF. I am so excited about this. Recycling is an important part of our Clean Towns Strategy as well as our focus to be environmentally friendly and sustainable. In South Africa we send 54, 2 million tons of solid waste to landfill sites. Approximately 70% to 80% of all waste that ends up in landfill sites are recyclable but nationally we recycle less than 4% of all recyclable material. Recycling is not only important for the environment, but it is also critical for maintaining and extending the life cycle of our existing landfill sites.

Our own landfill site reached capacity in 2019 and we are currently in the process of increasing its capacity and possibly expanding it. It is almost impossible to build new landfill sites due to the scarcity of suitable land. That is why we have adjusted our focus to greener and more sustainable solutions. Our new facility is part of our plan to reduce solid waste, reuse where possible and recycling. Reduce, Reuse, Recycle.



*Uitvoerende Burgemeester/*
*Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za


**Let's Fix It**

**Please report all** water, electrical, roads, stormwater, refuse removal and area cleaning issues to the Municipality directly:

**Stellenbosch / Klapmuts / Kayamandi / Jamestown / Raithby**
021 808 8215 / 8953 / 8343

**Dwarsrivier Region / Franschhoek**
021 808 8632

**AFTER HOURS FOR ALL REGIONS**
021 808 8890 / 8891

Alternatively, send an email to engineering.services@stellenbosch.gov.za or ***WhatsApp*** us on **0769510768**

**If we don't know about it, we cannot fix it!**

STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

om vaste afval te verminder, te hergebruik en te herwin (Reduce, reuse, recycle).

Ons nuwe fasiliteit maak voorsiening daarvoor dat herwinbare vaste afval in Stellenbosch geprosesseer word. Dit versnel dus die herwinningsproses en spaar ook baie geld omdat ons nie die herwinbare materiaal hoef te vervoer na Kaapse depots toe nie. Ter selfde tyd skep dit ook werk vir ons inwoners. Die fasiliteit kan 450 ton herwinbare materiaal per maand hanteer en neem 40 mense in diens.

Alle herwinning wat in die deurskynende sakke geplaas word sal na die herwinningsfasiliteit gebring word vir sortering en prosessering. Inwoners kan ook skoon herwinbare materiaal na die fasiliteit bring. Herwinbare afval wat aanvaar sal word sluit in: Papier, koerante, tydskrifte, karton, glas, plastiekbottels en -houers, blikkies, koeldrankblikkies en melkbokse. Inwoners moet asseblief let dat tuinvullis, skadelike huishoudelike vullis, bourommel, kombuisafval en ander nie-herwinbare huishoudelike afval nie by die herwinningsfasiliteit aanvaar sal word nie. Dit moet na die stortingsterrein gaan. Ek wil al ons inwoners aanmoedig om asseblief te help en te herwin. Soos waterbesparing, raak dit later 'n lewenstyl. Indien u nie 'n deurskynende herwinningsak ontvang nie, kontak gerus ons Let's Fix It-lyn via WhatsApp. Herwinning is goed vir ons omgewing en op die lang termyn gaan dit die munisipaliteit en u as inwoner geld spaar.

**Titelaktes**

Ek het onlangs weer die voorreg gehad om titelaktes aan 48 inwoners van Mooiwater in Franschhoek te oorhandig. Die oorhandiging van titelaktes is altyd baie emosioneel. Ek kan nie vir u beskryf hoe dankbaar mense is wat al jare wag vir die stukkie papier wat sê die huis waarin hulle bly, dikwels vir jare, is uiteindelik hulle eiendom nie. Dit is nou 'n bate wat hulle vir hulle geliefdes kan nalaat en weet dat hulle sekerheid en sekuriteit het.

Die titelaktes wat ons in Mooiwater oorhandig het, kom van 'n projek wat in 2010 voltooi is. Om seker te maak mense kry eienaarskap van hul huise is iets waaroor ek baie sterk voel. Sedert die begin van my termyn het ek gewoeker om seker te maak dat al die uitstaande titelaktes van ou projekte oorhandig word en dat die aktes van nuwe projekte ook so gou as moontlik oorgedra word. Sedert 2016 ons het meer as 1930 titelaktes oorhandig, waarvan 65% vir nuwe projekte was en 35% vir historiese projekte. Ons volgende oorhandigingsgeleentheid is reeds geskeduleer en ek kan nie wag om nog inwoners die waardevolle geskenk van eienaarskap te gee nie.

**Konsepbegroting**

Aan die einde van Mei sal ek die finale begroting vir die 2021-2022 boekjaar voorlê aan die Raad. Dit was nie 'n maklike taak om die nuwe finansiële jaar se begroting saam te stel nie. As gevolg van die pandemie het ons inkomste skerp gedaal en moet ons in ag neem dat besighede en inwoners steeds hierdeur

Our new facility makes provision for the processing of recyclable materials in Stellenbosch. It therefore speeds up the recycling process and saves money because the recyclables do not have to be transported to Cape Town based depots. It also creates work for residents. The facility can process up to 450 tons of recyclables a month and will employ 40 people.

All recycling placed in the transparent bags will be taken to the facility for sorting and processing. Residents can also take clean recyclable materials to the facility. Recyclable rubbish that will be accepted includes papers, newspapers, cardboard, glass, plastic bottles and containers, cooldrink cans, tins and milk cartons. Residents must please note that garden waste, dangerous household waste, building rubble, kitchen waste and other non-recyclables will not be accepted at the facility. It must go to the landfill site. I want to encourage all our residents to please help us recycle. Recycling easily turns into a lifestyle just like saving water. If you do not receive the clear plastic bags for recycling, please contact our Let's Fix It Line via WhatsApp. Recycling is good for our environment and in the long run it will save the municipality and you, as resident, money.

**Title Deeds**

Recently, I again had the privilege to hand over 48 title deeds to residents of Mooiwater in Franschhoek. The handing over of title deeds is always very emotional. I cannot put into words how grateful people are to receive that little piece of paper that says the house they are living in, often for years, finally legally belongs to them. It is now an asset that can be left for their loved ones one day, knowing it will create security and stability.

The title deeds we handed over in Mooiwater, originates from a project that was completed in 2010. Ensuring residents receive ownership of their properties is something I feel very strongly about. Since I started my term, I have made every effort to ensure that backlogged title deeds for historical projects are transferred to the rightful owners and that title deeds for new projects are transferred as soon as possible. Since 2016 we have transferred more than 1930 title deeds, of which 65% were for new projects and 35% were for historical projects. Our next handover event has already been scheduled and I cannot wait to give residents the valuable gift of ownership.

**Draft Budget**

At the end of May, I will be tabling the final budget for the 2021-2022 financial year. It was not an easy task to compile the budget for the new financial year. Due to the pandemic, our revenue streams showed a sharp decline, and we must take into consideration that many residents and businesses are still adversely affected by this. We must however make provision for our residents and we had to cut it very fine and carefully considered the allocation of every cent to make

geraak word. Ons moet egter ook voorsiening maak vir ons inwoners en daarom het ons fyn gesny om seker te maak elke sent word toegeken daar waar dit die meeste vir ons inwoners gaan beteken. Oor die algemeen gaan die meeste fondse bestee word aan ons infrastruktuur. Infrastruktuur kry die meeste omdat dit uiters belangrik is vir die ekonomiese groei en volhoubaarheid van ons dorpe, asook die lewering van basiese dienste. Ek weet ons inwoners se grootste belangstelling in die begroting is die tariefverhogings. Dit was vir ons uiters belangrik om inwoners en besighede by te staan na die impak van COVID en daarom het ons uiters versigtig besin oor die voorgestelde tariewe:

- Elektrisiteit styg met 14,59% (Dit is die verhoging soos deurgegee deur NERSA)
- Water styg met 5,5% (verlede jaar se verhoging 6%)
- Vullisverwydering styg met 12% ( Verlede jaar was 16,5%
- Sanitasiedienste styg met 6% (Verlede jaar was 6,5%)
- Eiendomsbelasting: Ons is bewus daarvan dat baie inwoners gekla het oor die styging in eiendomswaardasies. Die nuwe evaluasieproses is egter 'n wetlik voorgeskrewe proses wat ons moet volg. Die Raad mag glad nie inmeng nie en die wet (Local Government: Muncipal Property Rates Act No 6 of 2004) is baie spesifiek. Die enigste rol wat die Raad het is om die tarief in te stel wat in die tariewe boek gaan verskyn. Die tarief bepaal op die ou end die bedrag wat betaalbaar is deur inwoners. Ons verstaan die moeilike omstandighede wat deur COVID geskep is.

  Dit is vir ons moontlik om die eiendomsbelasting se tariewe te verminder met 17,17% vir residensiële eiendomme, 17,28% vir landbou eiendomme en 20,93% vir besigheidseiendomme. Ons is pynlik bewus van die druk waaronder inwoners en besighede verkeer en daarom het ons moeite gedoen om nie skerp belastingstygings voor te stel nie. Omdat ons 'n toename van 6,11% in inkomste gehad het as gevolg van nuwe eiendomregistrasies, eiendomverbeterings en verhoogde waardasies, verwag ons weer 'n toename van 6,11% in inkomste en daar is ons dus ook nie finansieel onverantwoordelik nie. U kan ook op ons webblad gaan kyk na ons nuwe tariewe sakrekenaar en daar u tarief uitwerk.

Ons het ook die drumpel vir belastingskorting verhoog vir eiendomme wat gewaardeer is vir minder as R5 miljoen. Dit beteken dat inwoners wie se eiendomme vir minder R5miljoen gewaardeer is afslag kry en niks hoef te betaal vir die eerste R250 000 nie.

Hierdie is maar kortliks wat ons voorstel vir die nuwe finansiële jaar. Ons is tans besig om deur al die insette te werk wat ons gedurende die GOP-proses ontvang het en daarna sal

sure that it goes to where it will do the most good for our residents. In general, the largest allocation of funds goes to infrastructure projects. Infrastructure receives the largest allocation because it is critically important for economic growth as well as the sustainability of our towns and the delivering of basic services. I know our residents are greatly interested in the tariff increases. It was extremely important for us to provide support for residents and businesses impacted by COVID and therefore we carefully considered the suggested tariff increases:

• Electricity Tariffs increase with 14.59% (This is an increase imposed by NERSA.)

•Water Tariffs increase with 5.5% (last year the increase was 6.00%)

•Sanitation Tariffs increase with 6% ( last year 6.50%)

•Refuse Removal tariff will increase with 12% (last year 16.50%)

•Property rates: We have heard the many complaints of residents about the rise in valuation of their property. The process of new evaluation is a legally prescribed process that we MUST follow Local Government: Muncipal Property Rates Act No 6 of 2004). Council may not interfere and it is very prescriptive. The only role Council have, is to set the tariff in the tariff book. The tariff is what determines eventually the amounts payable by residents.

We understand the hardship of residents during COVID and have therefore taken the unusual step to decrease the tariff to enable residents to recover from the economic hardships of COVID. As we had an increase in revenue of 6,11%due to new property registrations, property improvements and increased valuations, our revenue is expected to increase by 6.11% . This makes it possible for us to decrease property rates tariff by 17.17% for residential property, 17.28% for agricultural property and 20.93% for business property.

We have also increased the rate rebate threshold from R200,000 to R250,000 for properties valued less than R5million. This rebate means residents with properties of less than R5 Million in value are exempt from taxes on the first R250 000.

This, in a nutshell is what we suggest for the new financial year. We are currently working through the inputs we have received during the IDP process and will then table the final budget in Council. Thank you to everyone who contributed to the IDP and budget process.

**COVID-19**

I am simply amazed at how many people still ignore COVID regulations. I can only assume that they have not yet lost someone to this dreaded virus. I want to again ask every resident, visitor, business owner and student to stick to the

ons die finale begroting aan die Raad voorlê. Baie dankie aan al die inwoners wat insette gelewer het!

**COVID-19**

Ai, ek wil soms net my hande in die lug gooi as ek sien hoe baie mense verontagsaam die COVID regulasies. Al wat ek kan dink is dat hulle nog nie iemand aan die dood afgestaan het as gevolg van die siekte nie. Daarom wil ek weer vra dat elke inwoner, besoeker, besigheidseienaar en student sal hou by die regulasies en 'n masker sal dra ten alle tye wanneer u uitgaan en openbare spasies betree. Ons weet nou baie meer van COVID as 'n jaar gelede en dit is bewys dat die dra van maskers steeds een van die mees effektiewe voorkomende maatreëls is. So baie mense verkeer onder die wanindruk dat as ek nie siek voel van COVID nie, is ek nie 'n gevaar vir ander mense nie. Ongelukkig is dit nie waar nie en steek baie mense, wat voel hulle is nie siek, nie ander mense aan met dodelike nagevolge. Daarom vra ek weer, hou asseblief by die COVID protokolle. Daar is nog 'n langpad voor dinge weer heeltemal gaan terugkeer na die ou normaal toe.

Baie dankie ook aan al die besighede wat streng volgens die reëls werk. Ek weet dit is frustrerend en dat dit ook dikwels julle vermoë om besigheid doen beperk. Vir elke persoon wat ten volle verantwoordelik optree, is ons net nog 'n stappie nader aan die einde van die pandemie!

**Stellenbosch FC**

Ek is doodseker ten die tyd het meeste inwoners al gehoor van ons plaaslike sokkerklub, Stellenbosch FC. Die Stellenbosch FC span speel in die premiersliga en u sal gereeld van hulle hoor op die radio of in die koerante.

Die spelers en die bestuur van die klub het vir my en die Munisipale Bestuurder, onlangs kom verras as deel van Internasionale Vrouemaand. Ek staan elke keer in verwondering oor hierdie wonderlike groep jong manne wat ons streek op 'n nasionale verhoog verteenwoordig. Dit is 'n diverse groep, met 'n groot plaaslike verteenwoordiging wat rolmodelle is in elke sin van die woord. Met hulle onlangse besoek was dit my voorreg om hulle te bedank vir die voorbeeld wat hulle stel aan ons plaaslike jeug. Die manne wys dat harde werk vrugte dra, ongeag die omstandighede en hulle dra daagliks by tot die skep van geleenthede vir ons jong inwoners.

Ek sien uit na die wintermaande en hoop vir nog 'n lekker nat winter, sodat ons damme weer kan vol loop. Wees tog maar spaarsamig met die water, ons weet nooit hoe die volgende seisoen gaan lyk nie.

Tot volgende keer.

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

regulations and to where a mask at all time when you move about in public spaces. We know a lot more about COVID than we did a year ago and it has been proven that the wearing of masks is still one of the most effective preventative measures. So many people seem to think that if you do not feel ill due to COVID, you do not pose a risk to others. Unfortunately that is not the case and many people who test positive, but are without symptoms, infect others with deadly consequences. That is why I ask that everyone, please keep to the COVID protocols. There is still a long way to go before things return to the old normal.

Thank you to all the businesses who have been operating strictly in accordance with the guidelines. I know it is frustrating and that it also sometimes limits your ability to do business. For every person who takes full responsibility, we move a step closer to the end of the pandemic.

**Stellenbosch FC**

I am sure that many of our residents have heard about our local soccer club, Stellenbosch FC. The Stellenbosch FC team plays in the premier league and you will often read or hear about them in the news.

The players and team managers from the club recently surprised me and the Municipal Manager as part of International Women's Month. I am in awe every time I meet this wonderful group of young men representing our region on the national stage. It is a diverse group with a significant number of players coming from our own region. They are truly role models in every sense of the word. With their recent visit I had the privilege to thank them for the wonderful example they are to our local youth. These young men are proof that hard work bears fruit, regardless of your circumstances. They contribute to new opportunities for our youth daily.

I am looking forward to the winter months and hope we will have another wet season, so that our dams can fill up. Please do be considerate about your water usage. We never know how much rain we may or may not get in the coming rainy seasons.

Until Next time

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*